

Saterdag 23 April

Skrifgedeelte: Handeling 13:1-12

Fokusgedeelte: Handeling 13:2, 4

Sonder die Heilige Gees kan ons nie gered word nie

Toe God met Abraham en sy nageslag 'n verbond gesluit het, het God onder andere beloof dat al die volke van die aarde in hom geseën sal wees.

Al die beloofde seëninge van die verbond is moontlik gemaak deur Jesus Christus. Die Heilige Gees laat ons deel kry aan die seëninge. Tien dae ná ons Here se hemelvaart is die Heilige Gees oor die gelowiges in Jerusalem uitgestort en hulle het in verskillende tale oor God se groot dae gepraat (Hand. 2:11). Die dae het Jesus se kruisiging, opstanding en hemelvaart ingesluit.

Toe die gelowiges in Jerusalem vervolg is, het hulle gevlug. Die blye boodskap oor God se groot dae het saam met hulle van Jerusalem oor die gebiede van Judea en Samaria versprei (Hand. 8:2). Spoedig het die blye boodskap oorgespoel na nie-Joodse gebiede soos Fenisië (Libanon), die eiland Siprus in die Middellandse See, Sirene (noordelike Afrika) en Antiogië (suide van Turkye).

'n Gemeente het in Antiogië ontstaan waarvandaan die evangelie verder versprei het. Dit is hier waar die Heilige Gees die profete en leermeesters in die gemeente opdrag gegee het om Barnabas en Paulus af te sonder om die evangelie nog verder te verkondig. So het Paulus se sendingreise begin waartydens die evangelie nog wyer en wyer verkondig is.

Die Heilige Gees het waar die evangelie verkondig is, mense van hulle sonde oortuig (Joh. 16:8), in mense van Jesus getuig (Joh. 15:26), geloof in hulle gewerk sodat hulle Jesus as die Here erken (1 Kor. 12:3) en in hulle gewerk om as dankbare verlose, nuwe mense te leef (Gal. 5:22).

God die Heilige Gees werk dwarsoor die wêreld om mense in God se lank beloofde verbondseëninge te laat deel.

Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2 (Sb 14:1, 2)

Ds. EJ de Beer (Edmund) (Laeveld)